# NG Reebok: DIE DRIE GROOT TEKSTE VAN DIE BYBEL
## PREEKBLAADJIE SONDAG 30 AUGUSTUS 2026
## GESTUURDES IN 'N WÊRELD WAT WANKEL
## MIKE BURNARD

Ons leef in 'n wêreld wat nie meer so seker onder ons voete voel soos vroeër nie. Dinge wat ons gedink het vas en onveranderlik is, verander vinnig.

*Nasies wankel.

*Regerings wankel.

*Ekonomieë wankel.

*Ons vertroue in leiers en instellings wankel.

*Morele waardes en riglyne wankel.

*Verhoudings wankel.

Selfs die kerk wankel wanneer haar stem stil word, wanneer sy haar getuienis selektief uitleef of wanneer mense eerder verdeeldheid as versoening bring.

Agter baie van hierdie wankeling lê konflik. Konflik tussen mense, groepe, kulture en nasies. Konflik oor mag, grond, geld, identiteit en ideologie. Ons leef in 'n wêreld waarin mense maklik teenoor mekaar te staan kom.

Maar juis daarin stuur God ons.

Ons roeping as dissipels is nie om ons van 'n wankelende wêreld te onttrek nie. Ons is ook nie geroep om maar saam met die wêreld te wankel nie. Ons is geroep om gestuurdes te wees – mense wat namens Christus teenwoordig is waar ons woon, werk, leef en beweeg.

Paulus sê in 2 Korintiërs 5:18-20 dat God ons met Homself versoen het en vervolgens die bediening van die versoening aan ons toevertrou het. Hy sê selfs: "Ons tree dan op as gestuurdes om Christus wil."

Dit beteken iets besonders: God se antwoord op 'n wêreld wat wankel, is nie net programme, strukture of groot planne nie. God stuur mense. Hy stuur gewone mense soos ons om sy teenwoordigheid, sy karakter, sy waarheid en sy hoop sigbaar te maak.

*Die vraag is dus nie net: "Wat gaan in die wêreld aan?" nie.*

**Die belangriker vraag is:**

"Wie word ek wanneer ek as gestuurde van Christus in hierdie wêreld leef?"

Want voordat ons iets vir Christus kan doen, moet ons verstaan wie ons in Christus is. En voordat ons 'n boodskap van versoening kan bring, moet versoening in ons eie lewens sigbaar word.

As gestuurdes word ons daarom geroep om anders te leef – nie omdat ons beter as ander mense is nie, maar omdat ons aan Christus behoort.

1. God se gestuurdes dra 'n ander identiteit

Op wie of waarop is jou identiteit gebou?

Ons identiteit kan maklik gevorm word deur ons kultuur, taal, politieke oortuigings, beroep, familie, prestasies, besittings of selfs die groep waaraan ons behoort.

Maar 'n gestuurde van Christus se diepste identiteit lê nie in enige van hierdie dinge nie.

Ek behoort aan Christus.

Die vraag is daarom: Wanneer mense na my kyk, wat sien hulle eerste? My kultuur? My standpunte? My persoonlikheid? Of sien hulle iets van Christus?

**Vrae:**

Waarop bou ek my identiteit?

Watter deel van my identiteit is vir my die moeilikste om prys te gee?

Hoe sou my lewe verander as "ek behoort aan Christus" my belangrikste identiteit word?

2. God se gestuurdes dra 'n ander gees

Jesus stuur ons nie net met 'n boodskap nie; Hy vorm ook die manier waarop ons daardie boodskap dra.

Watter gees sal mense raaksien as hulle jou elke dag dophou?

Is jy iemand wat voortdurend kla, kritiek lewer en probleme raaksien? Of is jy iemand wat mense moed inpraat en moontlikhede raaksien?

Ons kan vra: Is ek 'n klakous of 'n Barnabas?

Barnabas was iemand wat ander raakgesien, bemoedig en opgebou het.

**Vrae:**

Watter "gees" dra ek gewoonlik in 'n vertrek in?

Hoe reageer ek wanneer mense anders as ek dink?

Is daar iemand wat God dalk deur my wil bemoedig?

3. God se gestuurdes bring hoop waar mense moed verloor

Ons wêreld het nie nog mense nodig wat moedeloosheid versprei nie. Mense het hoop nodig.

Dit beteken nie dat ons die probleme van die wêreld moet ontken of voorgee dat alles goed gaan nie. Christelike hoop kyk die gebrokenheid vierkantig in die oë, maar glo steeds dat God teenwoordig is en dat Hy besig is om sy wêreld te herstel.

Wanneer jy 'n vertrek binnestap, gebeur daar iets.

Gee jy lewe, of dreineer jy lewe?

**Vrae:**

Hoe beïnvloed my teenwoordigheid gewoonlik ander mense?

Waar sien ek mense wat moed verloor?

Hoe kan ek hierdie week vir iemand 'n draer van hoop wees?

4. God se gestuurdes leef anders

Romeine 12:2 sê: "Word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie..."

As ons gestuurdes is, kan ons nie bloot dieselfde ritmes, waardes en prioriteite as die wêreld rondom ons hê nie.

Ons vra daarom: Hoe lyk my gebruik van tyd? Hoe lyk my geld? Hoe praat ek oor ander mense? Hoe hanteer ek konflik? Wat kry my aandag? Waarvoor leef ek?

**Vrae:**

Watter ritme in my lewe lyk presies soos dié van die wêreld rondom my?

Waar vra God my om anders te leef?

Wat is een praktiese verandering wat my lewe meer "gestuurd" kan maak?

5. God se gestuurdes is geroep om te bou, nie te breek nie

Nehemia se verhaal herinner ons daaraan dat God mense roep om te bou.

In ’n wêreld waarin dit maklik geword het om af te breek – mense af te breek, reputasies af te breek, vertroue af te breek en verhoudings af te breek – is ons geroep om bouers te wees.

Ons bou verhoudings. Ons bou vertroue. Ons bou gemeenskappe. Ons bou hoop. Ons bou mense op. En uiteindelik bou ons aan God se koninkryk.

Die vraag is eenvoudig: Waar bou ek?

Mag mense wat met ons in aanraking kom, iets van Christus se versoenende teenwoordigheid beleef.

Want ons is nie bloot mense wat in ’n wankelende wêreld probeer oorleef nie.

Ons is God se gestuurdes in ’n wankelende wêreld.

En God stuur ons om vas te staan, lig te dra, waarheid te leef, hoop te bring en te bou waar ander afbreek.